**Die tabernakel versus die tuin van Eden (OP180)**

**Gen 2:4-17**

**14 Julie 2024**

Laasweek het ons begin om na die tweede fokusarea in die derde deel van die boek Eksodus te kyk. Die eerste fokusarea van hierdie derde deel van Eksodus wat oor ‘n dankbare respons handel, het oor die wet gehandel, en die tweede fokusarea handel oor die tabernakel. Tydens Moses se besoek van 40 dae en nagte aan die Here, het die Here onderneem om aan hom die kliptafels met die wet te gee, en het Hy ook aan Moses detail voorskrifte gegee vir die oprigting van die tabernakel. Uit die ruimte wat Eksodus aan die tabernakel afstaan, asook uit die klem wat gelê is daarop dat die volk die tabernakel presies moes bou soos wat die Here gesê het, asook uit die feit dat Moses seker gemaak het hulle het dit presies so gebou, het ons die gevolgtrekking gemaak die tabernakel moet ‘n besondere betekenis hê. Ons het kortliks gekyk na die uitleg van die tabernakel asook die ses stukke meublement in die tabernakel. Daarna het ons die verlossingsproses wat die Here met gelowiges volg, vergelyk met die opstelling van die tabernakel. Ons het gesien die kamp van die volk is ‘n simbool van uitverkiesing, die ingang in die tabernakel is ‘n simbool van roeping, wedergeboorte, bekering en geloof, die voorhof is simbool van die gelowige se regverdigmaking, die Heilige is simbool van die gelowige se heiligmaking, en die Allerheiligste is simbool van die gelowige se heerlikmaking.

Vandag wil ek aanbeweeg en begin om te besin oor die rol van die tabernakel in die ontwikkeling van die openbaringsgeskiedenis in die Bybel. Ek wil eers teruggaan na Genesis 2 toe, met die doel om die tabernakel te vergelyk met die tuin van Eden, en ek wil ook stilstaan by Jakob se droom by Bet-El. Dit is die fokus van vandag se preek. Maar daar is natuurlik baie meer om te sê oor die verdere ontwikkeling van die tabernakel-tema in die res van die Skrif – dink maar net aan die tempel wat Salomo gebou het, die vernietiging van die tempel met die ballingskap, die herbou van die tempel na die ballingskap, asook Jesus se uitsprake oor die tempel. Ek hoop om met verloop van tyd na hierdie verdere ontwikkelings te kyk.

Ek wil dus vandag eerstens stilstaan by die gedeelte in Gen 2 wat ons van die tuin van Eden leer, spesifiek Gen 2:8-17. Ek is van mening ‘n begrip hiervan sal ons help om nog meer sinvol oor die betekenis van die tabernakel te besin, asook om raak te sien dat die Sinaiverbond inderdaad deel is van die Here se genadeverbond. Ek moet direk erkenning gee aan Beale en John Walton wat na my mening baie sinvol oor die tuin van Eden geskryf het, en ek steun baie ernstig op hulle insig.

Beskrywing van die Tuin van Eden (Gen 2:8-17, 3:23-24)

Kom ons vorm eers ‘n prentjie van die tuin van Eden:

**Wie het dit gemaak?** Gen 2:8 is baie duidelik dat die Here God die Een is wat die tuin geplant het. Wat ons moet raak sien is die naam wat gebruik word: Here God. Kyk na Gen 1. Daar word telkens net gepraat van God (Hebreeus: Elohim), byvoorbeeld in Gen 1:1 – en die klem val daar op die Almagtige God wat skep. Hier in Gen 2 word egter van die Here God gepraat. Here of Jahwe is juis die Naam vir God wat Hom beskryf as die Verbondsgod – onthou dit is juis die Naam wat die Here gebruik het in Eks 3:14 by die brandende doringbos toe Moses Hom gevra het wat hy die volk moes antwoord as hulle sou vra wie hom gestuur het. Dit is dus die Verbondsgod, Jahwe, “Ek is” wat die tuin van Eden geplant het. Die klem val in Gen 2 op die Verbondsgod wat baie spesifiek en baie intiem met die eerste mense waarmee Hy die aarde begin vul het, werk.

**Vir wie het God die tuin geplant?** Vers 8 is hieroor ook baie duidelik: dis vir die mens wat God gevorm het, dus vir Adam en Eva. God het hulle in die tuin geplaas, die tuin was dus hulle woonplek.

**Waar was die tuin?** Vers 8 leer ons dit was in Eden in die ooste. Dit word dikwels verstaan dat die tuin geleë was in wat vandag bekend staan as Irak, waarskynlik daar waar die Eufraat en Tigris riviere saamvloei, aan die bopunt van die Persiese Golf. Die belangrike punt om raak te sien is egter dat die tuin net 'n gedeelte van die hele aarde is. God het dus die hele aarde gemaak in Gen 1, en nou het Hy as Verbondsgod op hierdie aarde in die Ooste in Eden, 'n tuin aangelê as 'n woonplek vir die eerste mense wat Hy geskep het.

**Wat was in die tuin van Eden? Hoe het die tuin gelyk?** Verskeie items word genoem:

- Lees Gen 2:9. Hier word beskryf daar was baie bome. Hulle was 'n genoeë om na te kyk, en ook goed om van te eet. Ons sien die Verbondsgod sorg vir Sy mense. Boonop word daar 2 spesifieke bome genoem: die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van kennis van goed en kwaad. Verse 16 en 17 beskryf dat Adam mog eet van al die bome in die tuin (oënskynlik selfs ook van die boom van die lewe), maar dat hy nie mog eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie – op die dag wat hy dit sou doen, sou hy beslis sterf.
- Lees Gen 2:10-14. Hier word beskryf dat daar in Eden 'n rivier ontstaan het. Let op hierdie rivier het 'n doel gehad: dit moes die tuin nat maak. Hierdie rivier vertak daarna in 4 hoofstrome. Hierdie 4 riviere is die Pison, Gihon, Hiddekel (dit is die Tigrisrivier, soos sommige vertalings dit dan ook vertaal) en die Eufraat. Let op 3 van hierdie riviere loop rondom spesifieke streke – Gawila, Kus en Assirië. In die 2020 DAV is daar 'n onderskrif oor Kus: daar staan dit is die gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan. Dit is nogal ver van Irak af! Dit lyk dus of die riviere vanaf die tuin uitgevloei het na die res van die wêreld.
- Daar was goud (verse 11-12). En dit was nie net goud nie – dit was goeie goud!
- Daar was balsemhars (vers 12)
- Daar was oniksgesteentes (vers 12)
- Lees Gen 3:23-24. Daar was 'n ingang na die tuin aan die oostekant. Nadat Adam en Eva in sonde geval het, stuur God hulle uit die tuin uit, en Hy plaas gerubs aan die oostekant om toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

**Wat was Adam se opdrag om in die tuin te doen?** Lees Gen 2:15. Weereens word ons gekonfronteer met 'n doel. Adam en Eva is nie maar net in die tuin waar hulle maar net lekker van die vrugte kan eet nie. God het 'n groter verwagting: Hulle moet die tuin bewerk en oppas (DAV) of bewaak (OAV).

Dit is belangrik om die opdrag wat God gee met betrekking tot die tuin te vergelyk met die opdrag wat Adam in Gen 1:28 ontvang het met betrekking tot die aarde. Onthou: die aarde en die tuin is nie dieselfde plek nie – die tuin is net deel van die aarde. Voor die sondeval woon Adam en Eva in die tuin. Na die sondeval word hulle uit die tuin uitgedryf in die res van die wêreld/aarde in. Hulle moet die tuin bewerk en oppas (bewaak), terwyl hulle ook die aarde moes onderwerp.

Ek glo julle gaan met my saamstem <u>bewerk en bewaak</u> is iets anders as <u>onderwerp</u>:

- <u>Bewerk</u> skep die indruk hulle moet die tuin in stand hou. Die paradys omgewing waarin hulle nou in die tuin woon, moet so gehou word. Hulle moet dit voortdurend bewerk om sy paradys eienskappe te behou.

- <u>Bewaak</u> beteken die tuin moet beskerm word teen aanslae – heelwaarskynlik van buite die tuin af. Die vraag is teen watter aanslae moes hulle die tuin beskerm? Dink aan Gen 3: Die slang, 'n gevalle bose engel, kom in die tuin in. God se verwagting was dat hulle hom suksesvol sou teenstaan en uit die tuin dryf.
- <u>Onderwerp</u> is iets heeltemal anders. Die res van die aarde moet deur Adam en Eva onderwerp word. Onthou wat op hulle gewag het toe hulle op die ou end deur God uit die tuin gedryf is: daar buite in die res van die aarde was daar dorings en dissels. Ons kan dus aflei dat God se verwagting was dat Adam en Eva die paradys omgewing van die tuin waarin hulle woon, moes uitbrei tot dit die hele aarde sou vul! God se verwagting was dat hulle die hele aarde sou onderwerp en dit sodoende deel van die tuin sou maak. In parallel hiermee moet hulle steeds die tuin bewerk en dit bewaak.

Onthou nou ook die ander opdrag van die Here aan Adam en Eva: Hulle moet vermeerder en die aarde vul. Dit word dus duidelik dat die Here se opdrag hulle moes enersyds die tuin bewerk en bewaak, hulle moes die tuin uitbrei deurdat hulle die res van die aarde onderwerp, en hulle moes vermeerder en die aarde vul – soos wat die tuin uitgebrei word, moes hulle die al groterwordende tuin ook vul met mense – totdat die hele aarde onderwerp is as deel van die tuin en gevul is met mense.

<u>Vergelyking van die Tuin van Eden met die Tabernakel</u>

Hoe maak ons sin uit die beskrywing van die tuin van Eden? Wel, daar is verskeie ooreenkomste tussen die tabernakel wat die Here die volk by Sinai beveel het om te bou, en die tuin van Eden. Kom ons vergelyk nou die twee:

Wie het die voorskrif gegee vir hoe die tabernakel moet lyk? Ons het laasweek gesien dit was die Here wat die opdrag gegee het en wat ook die detail beskrywing gegee het van hoe die tabernakel moes lyk. Wie het die tuin van Eden geplant? Die Here. Dit is nogal insiggewend om Gen 1:31 te vergelyk met Eks 39:42-43. In Gen 1:31 het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. In Eks 39:42-43 het Moses krities gekyk om seker te maak die hele tabernakel is gemaak presies soos die Here dit beveel het – en hy het gesien dat dit wel die geval is! Die Here is absoluut daarop gesteld dat beide die skepping, insluitend die tuin, en die tabernakel presies was soos Hy dit wou hê. Dit moet dus sinvol wees om vas te stel wat God deur altwee wil kommunikeer.

Kom ons kyk na verdere ooreenkomste tussen die tuin van Eden en die tabernakel:

- <u>Boom van die lewe</u>: Wat sou gebeur as Adam en Eva sou eet van die boom van die lewe? Lees Gen 3:22: "Toe sê die Here God: 'Kyk die mens het soos een van Ons geword deur goed en kwaad te ken. Nou moet hy net nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en vir altyd bly lewe nie.'" Dit is duidelik: hulle sou vir ewig lewe. Vergelyk dit met die tabernakel, spesifiek met die kandelaar wat in die Heilige gestaan het. Hoe het die kandelaar gelyk? In totaal het dit sewe arms gehad – oortrek met blomkelke, blomknoppe en blare. Sien jy: die kandelaar het soos 'n boom gelyk. Netsoos wat die boom van die lewe in die tuin van Eden die belofte van lewe ingehou het, so het die kandelaar in die tabernakel ook die belofte van lewe ingehou. Ons het laasweek gesien die kandelaar wys vooruit na Jesus wat die Lig is. In Hom is daar lewe. Wandel in die lig van die kandelaar, wandel in Jesus se lig, en jy sal ewig lewe. Glo in Jesus, en jy sal lewe. Netsoos Adam en Eva van die boom van die lewe kon eet, en dan ewig sou leef.
- <u>Boom van die kennis van goed en kwaad</u>: Wat sou gebeur het as Adam en Eva sou eet van die boom van kennis van goed en kwaad? Dit sou vir hulle die kennis gee van goed en

kwaad. Tot nou toe, het hulle nog net die goedheid van die Here en Sy skepping ervaar – hulle het dus nog net kennis van die goeie gehad. Maar die Here het hulle verbied om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. As hulle wel hiervan sou eet, sou hulle ervaar wat dit beteken om teen die Here se wil op te tree, en dat dit die toorn van die Here sou ontketen. Watter item in die tempel het die volk geleer wat is goed en wat is kwaad? Tog sekerlik die wet van God – geskryf op die kliptafels deur God self, en wat daar in die verbondsark in die Allerheiligste geplaas moes word! Nog 'n ooreenkoms tussen die tuin en die tabernakel.

- Riviere: In die tuin was daar 'n rivier, wat eers die tuin nat gemaak het, en dan vertak het na die omliggende streke: Gawilla, Kus en Assirië. Natuurlik was daar nie in die tabernakel 'n rivier nie. Maar kom ons lees Esegiël se tempelvisioen in Eseg 47:1-12. Hier is daar duidelik wel 'n rivier wat uit die tempel vloei na die omliggende streke tot in die Dooie See – en sover as wat dit gaan skep dit lewe. Op sy walle staan daar vrugtebome wat elke maand vrugte dra – en hulle blare bring genesing. Kyk nou ook na Op 22:1-2. In die Nuwe Jerusalem is daar ook 'n rivier wat van die troon van God af uitvloei, en op sy walle staan die boom van die lewe wat elke maand vrugte dra, en waarvan die blare genesing bring. Onthou, die tabernakel, meer spesifiek die Allerheiligste, was as't ware die voetbank van God se troon. In beide Esegiël se visioen en in Openbaring is daar dus 'n rivier met die water van die lewe en wat geassosieer word met die boom van die lewe. In beide gevalle vloei die rivier vanuit die tempel of vanuit God se troon. Netso is daar in die tuin van Eden 'n rivier wat eers die tuin benat, waar onder andere ook die boom van die lewe staan, en dan vandaar af uitvloei na Gawilla, Kus en Assirië, oftewel na die res van die wêreld. Netso, dink aan die tabernakel: daar is die kandelaar wat die boom van die lewe simboliseer. Boonop is daar die tafel met die toonbrode – wat na die brood van die lewe wys. Ek erken, dit is nie presies dieselfde as 'n rivier nie – maar die betekenis van die water van die lewe en die brood van die lewe is tog dieselfde. Altwee het Jesus as inhoud. Die kandelaar het eers die Heilige lig gegee, maar Jesus, en ons, is die lig vir die wêreld. Die brood van die lewe is eerstens vir die gelowiges in die Heilige, maar moet ook aangebied word aan die wêreld daarbuite.
- Goud: In die tuin was daar goud – self baie goeie goud. Al die meublement in die Heilige en die Allerheiligste is met goud oorgetrek. Daarteenoor, is dit opmerklik dat daar in die voorhof nie goud was nie – die brandofferaltaar en waskom was met koper oorgetrek. Maar ons lees niks van koper wat teenwoordig was in die tuin van Eden nie. Ons kom netnou terug hierna.
- Oniks: In die tuin was daar oniksstene. Lees Eks 28:9-12. Die hoëpriester het op elke skouer 'n onikssteen gedra waarop die name van die 12 stamme van Israel gegraveer was – om God aan hulle te herinner!
- Balsemhars: In die tuin was daar balsemhars. Volgens Eks 25:6 is balsem juis gebruik vir die salfolie (waarmee die priesters en die tabernakel gewy is) en vir wierookoffers – wat juis op die wierookaltaar in die Heilige verbrand is. Sommige vertalings verwys in Eks 25:6 net na speserye, maar die NAV verwys spesifiek na balsem.
- Ingang: Die ingang van beide die tuin van Eden asook van die tabernakel was aan die oostekant (Gen 3:23-24).
- Gerubs: Wanneer God Adam en Eva uit die tuin stuur, plaas Hy gerubs by die ingang van die tuin om die toegang tot die tuin te bewaak (Gen 3:24). In die tabernakel was daar gerubs geborduur op die voorhangsel wat die toegang tot die Allerheilgste moes bewaak (Eks 26:31).

- Teenwoordigheid van God: In Gen 3:8 lees ons hoe dat God in die tuin kom wandel het om met Adam en Eva te praat. In Eks 40:34 lees ons hoedat die heerlikheid van God die tabernakel gevul het toe dit voltooi is. Dit was juis in die tabernakel wat God met Moses gepraat het. Die tuin en die tabernakel was die ontmoetingsplek tussen God en die mense.
- Opdrag aan Adam: Adam moes die tuin bewerk en bewaak. Vergelyk dit met die priesters wat in die heiligdom moes werk: hulle moes die lampe versorg, oggend en aand wierookoffers bring, en weekliks die toonbrode vervang – hulle moes dus die Heilige bewerk, soos Adam die tuin moes bewerk. Boonop moes hulle die heiligdom bewaak. Lees Num 18:1: "Die Here het vir Aäron gesê: 'Jy, jou seuns en jou familie saam met jou – julle sal die gevolge dra van sonde teen die heiligdom; en jy en jou seuns saam met jou sal die gevolge dra van sonde  in verband met julle priesterdiens'". Die priesters moes nie net die heiligdom bewerk deur hulle diens daarbinne nie, hulle moes dit ook bewaak – soos wat Adam met die tuin moes doen. Duidelik is Adam in 'n priesterrol. Voeg hierby dat Adam en Eva ook die aarde moes onderwerp en daaroor moes heers, asook moes vermeerder en die aarde vul (Gen 1:28). Hulle moes die tuin uitbrei tot die hele aarde tuin is en gevul is met mense. Wel, ons het dieselfde in die tabernakel gesien – die gelowiges moet nie net in die lig leef en die brood eet nie, hulle is ook die kandelaar wat die lig moet laat skyn in die wêrels in, hulle moet ook die brode pak sodat ander dit kan eet. Hulle moet die Heilige uitbrei sodat al meer mense tot geloof kom en in die Heilige kom. In hierdie onderwerping van die aarde vervul Adam ook in koningsrol, en dit word kristalhelder dat Adam 'n priester-koning was – soos wat God in Eks 19:6 die volk beskryf, en wat 1 Pet 2:9 ons as gelowiges beskryf!

Daar is egter ook groot verskille tussen die tuin van Eden en die tabernakel. Ons het reeds ekwivalente elemente van al die meublement in die Heilige in die tuin gesien: die ekwivalent van die kandelaar in die tabernakel is die boom van die lewe in die tuin, die ekwivalent van die tafel met die brood (van die lewe) in die tabernakel, is die rivier (van die lewe) in die tuin, die ekwivalent van die wierookoffers op die wierookaltaar in die tabernakel is die balsem in die tuin. Soos wat alles in die Heilige met goud oorgetrek was, so was daar ook goud in die tuin van Eden. Maar ons het niks in die tuin van Eden gesien wat die ekwivalent is van die brandofferaltaar of die waskom in die voorhof in die tabernakel nie. Boonop lees ons niks van koper, soos waarmee die brandofferaltaar en die waskom in die voorhof bedek was, in die tuin nie. Daar was dus nie 'n voorhof in die tuin van Eden nie! Hoekom nie? Want dit was nie nodig nie – daar was nog geen sonde nie! Daar was geen noodsaak aan offers vir sonde op die brandofferaltaar nie, en daar was geen noodsaak om skoon gewas te word in die waskom nie. Die ganse mensdom was in die tuin en sonder sonde. Die ganse mensdom was reeds priester-konings. Daar was geen noodsaak aan regverdigmaking nie, en dus geen voorhof nie! Ons sou kon sê: Adam en Eva was in die tuin in die ekwivalent van die Heilige van die tabernakel.

Voor die sondeval was Adam en Eva ook op pad na heerlikheid toe, ons sou kon sê hulle was ook op pad na die ekwivalent van die Allerheiligste in die tabernakel. Miskien moet ons eerder sê hulle was ten minste in beginsel op pad na heerlikheid toe. Ja, hulle was op pad na heerlikheid toe wat hulle sou bereik het wanneer die aarde gevul sou wees met lewe en wanneer hulle die tuin uitgebrei het totdat die hele aarde onderwerp was, terwyl hulle in parallel hiermee die tuin ook effektief bewerk en bewaak het, en ook nooit geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Ja, hulle moes volhard in perfekte gehoorsaamheid aan God se opdragte totdat dit voltooi is.

Ons weet egter dat Adam en Eva wel geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad, lank voor hulle die tuin uitgebrei het. Trouens, hulle het ook nie die tuin effektief bewaak soos hulle moes nie – want die duiwel het in die tuin ingekom en hulle verlei om om wel te eet van die boom van

kennis van goed en kwaad. Die gevolg hiervan was dat die Here hulle uit die tuin gestuur het die oomblik wat hulle gesondig het, want sien die Heilige, dit is die tuin, moet heilig gehou word. As hulle nou weer in die Heilige wil kom, waar hulle reeds was sedert hulle skepping, sal hulle opnuut weer van buite af moet inkom. Maar onthou – daar is gerubs wat die toegang tot die tuin, die Heilige, bewaak! Iets sal moet gebeur sodat hulle weer toegang kan verkry tot die Heilige, tot die boom van die lewe, d.w.s. die kandelaar met die Lig, toegang kan verkry tot die brood van die lewe en die rivier van die lewe. Die keer sal hulle deur die voorhof moet inkom – 'n voorhof met 'n brandofferaltaar waar Jesus vir hulle sondes geoffer is, 'n voorhof met 'n waskom waar hulle skoon gewas kan word in Sy bloed, sodat hulle geregverdig kan word, sodat hulle weer priesters kan word wat gewy is, sodat hulle weer in die Heilige mag ingaan en weer kan eet van die boom van die lewe en kan drink van die water van die lewe!

Maar daar was nog iets anders wat in die tuin van Eden ontbreek het maar wat wel in die tabernakel teenwoordig was: die verbondsark. In die tabernakel was die wet binne in die verbondsark in die Allerheilgste. Ons het al besin daaroor dat die verbondsark ook 'n simbool van Christus is. Bo-op die verbondsark was die goue versoendeksel wat presies so groot was soos die verbondsark. Dis juis op die versoendeksel wat die hoëpriester op die Groot Versoendag die bloed moes sprinkel. Daarbo was die gerubs waartussen die heerlikheid van God verskyn het. Dit was effektief die voetbank van God se troon. Die simboliek van hierdie opstelling is dat ons as gelowiges in Christus mag skuil – Hy is die verbondsark, ons skuil dus in die verbondsark – daar waar God se wet ook is. En die verbondsark is onder die versoendeksel, en bo-op die versoendeksel is Jesus se bloed gesprinkel, en God is bo die versoendeksel. God kyk van bo-af om ons te meet aan die vereistes van Sy wet, Hy doen dit deur deur die versoendeksel met die bloed van die Lam daarop gesprinkel te kyk tot binne in die verbondsark (wat Jesus self is). Skoon gewas in die bloed van Christus, en met Christus se gehoorsaamheid wat aan my toegereken is, kan God my maar weet aan Sy wet!

Maar dink aan die arme Adam en Eva in die tuin: Hulle het ook 'n wet gehad om na te kom: God se opdragte om die tuin te bewerk en te bewaak, om die aarde te onderwerp en te heers, om die aarde te vul en om nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Maar hulle was sonder 'n verbondsark met 'n versoendeksel daar bo-op en sonder die bloed van die Verlosser daarop, sonder 'n volmaakte Verlosser wat die wet volledig in hulle plek sou onderhou! Hulle was op hulle eie! Hulle moes self gehoorsaam wees aan al God se opdragte en sodoende hulle eie geregtigheid verdien! Hulle was in 'n werksverbond met God! Hulle moes nie net die heiligdom bewerk en bewaak nie, hulle moes boonop die hele aarde gaan onderwerp en vul! Hulle – op hulle eie! Een misstap – selfs al was dit so eenvoudig as om een keer te eet van die een boom waarvan hulle nie mog eet nie – dan is die heiligdom ontwy – en hulle eindig buite die tuin van Eden, tussen die dorings en die dissels. Dan word die gerubs word opgestel om toegang tot die boom van die lewe te bewaak!

En dan is daar wel noodsaak aan geregtigheid – geregtigheid wat genadiglik geskenk word omdat Jesus dit bewerk het, geregtigheid wat nie self verdien hoef te word nie. Onthou jy die Hebreërskrywer se opgewonde uitroep in Heb 10:19: "Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam". Ja, na die sondeval is daar noodsaak aan 'n nuwe lewende weg om weer toegang, en boonop <u>vrye</u> toegang, te verkry tot die Heilige! Jesus het daardie weg geopen. Maar die keer is dit toegang tot 'n heiligdom agter die voorhof, met die verwagting om in die Allerheiligste te eindig waar die eenmalige Hoëpriester alreeds ingegaan het met bloed wat op die versoendeksel gesprinkel is.

Verstaan jy dat ons as gelowiges nou in hierdie lewe hier op aarde reeds in 'n baie beter situasie is as wat Adam en Eva was voor die sondeval? Hulle was as priester-konings in die Heilige – maar op pad

na die Allerheiligste op eie verdienste waar toegang alleen verkry kon word deur volkome gehoorsaamheid aan al God se skeppingsopdragte. Ons as gelowiges is ook priester-konings – ons is ook in die Heilige, maar ‘n Heilige agter ‘n Voorhof met ‘n brandofferaltaar en ‘n waskom. Ons is ook op pad na die Allerheiligste – maar die keer een met ‘n verbondsark en ‘n versoendeksel met bloed daarop van die Verlosser wat vir ons geregtigheid en vrye toegang bewerk het, langs die nuwe lewende weg!

Ek hoop dit is duidelik dat die tuin van Eden ‘n eerste tempel was waarbinne ons voorouers diens moes doen as priester-konings. Ek hoop ook dat jy raaksien die Sinaiverbond was inderdaad ‘n genadeverbond – anders as in die werksverbond met Adam en Eva voor die sondeval, is daar in die Sinaiverbond ‘n voorhof met ‘n brandofferaltaar en ‘n waskom, en in die Allerheiligste is daar ‘n verbondsark met ‘n versoendeksel besprinkel met die bloed van die Here Jesus se eenmalige en effektiewe offer.

<u>Jakob se droom by Bet-El (Gen 28:10-22)</u>

Daar is verskeie ander kleiner insidente na die sondeval maar voor die Sinaigebeure waaruit dit ook duidelik word dat die Here op pad was na die formele aankondiging om die tabernakel te bou. Dink byvoorbeeld aan Jakob se droom by Bet-El in Gen 28. Jakob was op pad na Padan-Aram om daar vir hom ‘n vrou te gaan soek. Een nag slaap hy by Bet-El, en in die nag droom hy van ‘n leer wat van die aarde tot die hemel strek met engele wat daarlangs op en af klim, en aan die bopunt van die leer staan die Here. Ek hoop jy sien al die ooreenkoms raak – die tabernakel was die ontmoetingsplek van die Here met die volk, die tuin was die ontmoetingsplek tussen die Here en Adam en Eva, Bet-El was die ontmoetingsplek tussen die Here en Jakob. Lees nou Gen 28:14-15. Let op wat die Here aan Jakob beloof – ‘n groot nageslag wat uitbrei na die weste, die ooste, die noorde en die suide, en Jakob sal vir al die nasies van die aarde tot seën wees. Sien jy dit? Soos Adam die tuin moes uitbrei, moes vermeerder en vul totdat die hele aarde tuin is, soos wat gelowiges die lig moet laat skyn, so beloof die Here Jakob se nageslag sal uitbrei oor die hele aarde. Boonop beloof die Here Hy sal by Jakob wees – soos wat die Here Adam en Eva in die tuin besoek het, soos wat die heerlikheid van die Here die tabernakel gevul het. Lees Gen 28:17. Jakob word verskrik wakker en besef hierdie plek is niks anders as die huis van God nie, ‘n poort na die hemel – soos wat die tuin van Eden ‘n huis van God was vir Adam en Eva, en die tabernakel ‘n huis van God was vir die volk.

Die punt wat ons moet raaksien, is dit: Die oprigting van die tabernakel was nie maar net ‘n ligtelike gebeurtenis nie. Nee, die voorbereiding hiervoor word duidelik as ons raaksien hoeveel gebeure daar alreeds plaasgevind het voor die oprigting van die tabernakel, en veral word die vordering in die Here se verlossingsplan duidelik as ons sien hoe daar ooreenkomste en ook verskille is met die tuin van Eden. Maar dink nou aan die verdere ontwikkeling in die Bybelgeskiedenis: Later sou die tabernakel vervang word met Salomo se tempel, en dan word die tempel vernietig tydens die ballingskap, maar dit word ook weer herbou na die ballingskap. En dan kom Jesus – en Hy maak verreikende uitsprake oor die tempel, ook oor die vernietiging daarvan. Die res van die Nuwe Testament leer dat gelowiges die tempel is. En Op 21:22 sê in die hiernamaals sal daar nie ‘n tempel wees nie. Dit sal goed wees as ons hierdie ontwikkelings behoorlik deurdink. Ek hoop ons kan iets hiervan begryp soos wat ons verder deur die openbaringsgeskiedenis werk.